

Haal jy nog asem?

In hoeveel gesprekke het jy vandag iets negatiefs oor die regering van die dag of oor iemand anders gesê? Ons ou natuur dring ons daartoe om negatief oor meeste dinge te wees. Maar Paulus vermaan hierdie ou natuur van ons deur daarop aan te dring dat ons vir alle mense moet bid. Want bid jy vir iemand, dan is jy eerder positief op daardie persoon ingestel.

Dit wat baie keer in ons as gelowiges se prioriteitslys laaste kom, sê die Here moet eintlik eerste kom: gebed. 'n Bekende het eendag gesê: Gebed is die asemhaling van die gees. Iets of iemand wat ophou asemhaal, bestaan tog nie meer nie. Paulus gebruik dan ook 'n paar terme om te beskryf waaruit ons gebed moet bestaan: smeking (vir jouself bid), voorbidding (vir alle mense/sake) en danksegging (dit is tog die vernaamste deel waarom ons bid – HK So 45). Daar is nog ander elemente in gebed, maar hierop gaan Paulus nie in ons teks in nie.

Maar Paulus fokus op 'n spesifieke groep waarvoor gebed moet word. In tye waar die Romeinse goewerneur Nero al meer en meer Christene begin vervolg het, vra Paulus voorbidding vir die regering van die dag. Paulus se bedoeling met die voorbidding was nie dat die vervolging moes ophou nie. Maar hy bid dat die Here se verlossing vir hulle sigbaar sal word (vs 4). Dit is die fokus van sy gebed. Hy wil hê dat dié wat in die regering is en die Here nog nie ken nie, tot bekering sal kom. Hy wil hê dat die wrede Nero en sy trawante medegelowiges van hom word.

Dit is tog waaroor Christenskap werklik gaan. Kan ons werklik bid vir daardie persoon wat skynbaar iets negatiefs aan ons wil doen? In hoe 'n mate vreet negatiewe emosies en gedagtes ons elke dag op? Maar Paulus leef vanuit sy verhouding met ons Verlosser Jesus Christus. Hy praat met Jesus Christus en dit bepaal sy hele lewe. En so word sy lewe van gebed (asemhaling) die boodskap na alle volke en tale en nasies (vs 7). Is jy nog besig om asem te haal?

Sing: Psalm 66:6, 7 (Totius)

Ds W van den Heever (Rietvallei)